TOULEIER

Tog jammer Mormone drink nie 'n wyntjie nie

Hoofstuk 3 Deel 16

Salamanca het daardie tyd nouwel net sowat twaalfduisend inwoners gehad maar aan ’n groot hart het hy hom nie ontbreek nie. Almal is bewus van mekaar se lief en leed. Waar hulle kan, sal hulle help. Hoewel daar ook heen en weer oor die draad of muur geskinder word, is dit meestal ’n goeie skinder.

Almal weet as daar nuwelinge in die dorp opdaag en wat hulle daar kom doen. Mense stel belang in jou as mens en weet wat kort in jou lewe en waarvan jy te veel het. So is dit seker ook hulle wat die twee jong sendelinge in ons rigting gedruk het.

Kamermaatjie bel my ook toe dadelik die aand. Sy klink baie opgewonde. “Hier is twee outjies van die LDS in die dorp en hulle praat Engels!” Sy vertel my hoe sy in die tuintjie voor die huis aan’t werskaf was toe sy sommer van vêr af hoor en verstaan wat die tweetjies loop en gesels. Netjies uitgevat in hul donker pakke met das in al in die snikhete Salamanca son. “Nogal sag op die oog ook” las sy onnodig by.

“Ek het hulle elke aand die week vir ete genooi en hulle het belowe om ons te help met die Spaans!” gaan sy vrolik voort. Ek kan hoor sy is in haar noppies. Om net weer vir ’n slag gewoonweg en sonder ’n woordeboek met ander te praat en te verstaan wat hulle sê.

Getrou aan hul belofte, het hulle ons vlytig gehelp met die Spaanse taal. Alle Mormoonse sendelinge loop eers maande lank in Utah klas in die land waarheen hulle uitgeplaas word, se taal. Teen die tyd wat hulle aanland, praat hulle dit vlot. Net so getrou aan hul missie, vertel hulle van die Boek van Mormon en gee hulle jou die geleentheid om self te besin en te bid daaroor en jou eie besluit te maak. Daar word niks in jou keel afgedruk nie. Hulle vertel jou hoe hulle as kerk en beweging verskil en ooreenstem met die Bybel.

Terloops, hulle glo ook woord vir woord wat in die Bybel staan en lees die twee langs mekaar. Hulle glo net dat Josef Smit, volgens hul interpretasie van ’n Bybelse skrif-gedeelte en belofte, nog ’n profeet was wat spesiaal gestuur is om die kerk te kom red uit die periode van afvalligheid wat daar op ’n tydstip geheers het.

Hulle skiet ook nie ander gelowe af nie. Baie oulike manier van hulle die. Dat jy self leiding moet vra. Dan is daar natuurlik hul gesonde leefwyse wat getuig hoe na aan die waarheid hulle hulself ag. Nodeloos om te sê, dit was vir ons baie meer aanvaarbaar om gedoop te word as Mormone as om deel te word van die Katolieke kerk. Ons is selfs tempel toe in Santiago waar hulle ons weer getrou het en ook ons name in die Groot Boek geskryf het.
Ons het van die wonderlikste vriende gemaak en het steeds vandag kontak met hulle.

Die enigste ding wat ek weens swakke vlees maar net nie onder die knie kon kry nie, was hulle nul-per-mond as dit by wyn kom. Stoei en worstel soos ons wou, Bacchus het maar net weer en weer en keer op keer die stryd gewen. Daarvoor maak die Chilene maar net te lekker Pisco Sour en goeie rooiwyn. Dan is dit mos nog boonop asof dit lekkerder smaak as jy "skelm" ’n knertsie vat.

Lekker is dit dus vir ons om weer terug te wees by ons eie kerk waar ons selfs aangemoedig word om ’n glasie wyn op sy tyd te geniet.

Hennie Greeff
UITGEWER
Onrusrivier
pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Vegetariër kom leer in Suid-Afrika hoe lekker skilpadjies is

Hoe maak jy van ’n Russiese vegetariër ’n vleiseter? Jy nooi hom Suid-Afrika toe. Stefan Lukjanenko (21) is een van ses Russiese studente van die Lomonosov-Moskouse Staatsuniversiteit wat Suid-Afrika as gaste van die FAK besoek het.

Tydens middagete in Aucklandpark, Johannesburg, bestel hy ’n vegetariese pizza. Sy medestudente vra spottend of hy dan nou weer ’n vegetariër is.

“Ja,” antwoord hy, “behalwe as ons braai!”

Maar koeksisters is te soet!

Braaivleis en biltong, skilpadjies en murgbene. Dít is die lekkernye waaraan Lukjanenko en sy vriende smul sedert hul aankoms in Suid-Afrika. Die vleis hier is heerlik, sê hulle, maar die koeksisters is te soet.

Tydens hul besoek was hulle ook gaste by ’n braai van die ekonoom Dawie Roodt, wat met ’n Russiese vrou getroud is. Dit is daar waar Lukjanenko skilpadjies ontdek het. Die Russiese gaste was eers onder die indruk dat hulle régte skilpadjies eet voordat hulle ingelig is dit is eintlik ’n skaaaplewer in netvet.

Die groep het die Afrikaanse fliek “Hoender met die rooi skoene” gaan kyk, ’n diens by die NG kerk Lyttelton bygewoon en ook ’n draai gaan maak op die stel van die sepie *Binnelanders*.

Jansen van Vuuren sê sy grootste plesier met die Russiese studente is die verrassing wat Suid-Afrikaners kry wanneer hulle die groep ontmoet.

“Ons verwag ’n kultuurskok, maar dit is eintlik dieselfde kultuur. Hulle het goeie maniere, is hulpvaardig en wil help skoonmaak.”

Hy sê die studente praat ’n “baie moderne Afrikaans” en is gesteld op suiwer taalgebruik.

“Hulle gebruik nie sommer ’n Engelse woord nie. Ons taal word aangeval by ons eie universiteite, maar hier sit studente amper 12 000 km weg van ons in Rusland en praat Afrikaans.”

Wat is 'n snuiter?

Die verduideliking in die etimologiebank is taamlik lank, maar impliseer min of meer die volgende:

Die werk om die kerse te snuit was 'n relatief onbelangrike takie wat min kundigheid vereis en is dikwels deur die kinders gedoen. Daaruit het 'snuiter' dan ontwikkel as woord vir 'n jong, onkundige persoon.

Die ander verklaring wat met snuit van die neus en snotneus verband hou, word as onwaarskynlik beskou.

Het jy geweet?

Die wooord njannieskapêla is in die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) opgeneem

Dit is 'n verafrikaansing van yinyaniso kapela (uit Zoeloe en Xhosa) en beteken "dit is net die waarheid."

♦ ♦ ♦ ♦

POOTUIT: Volgens ’n ou bron het dit verwys na ’n stoel of tafel waarvan ’n poot letterlik uit was en die meubelstuk dus lamlendig was. Dit is moontlik in verband gebring met iemand wat baie moeg is en eintlik slinger van moegheid, asof sy een been lam is.

Duskantlander in Anderkantland

Lewendig ná 'n rit per taxi

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

In elke groot stad sal jy baie tyd bestee in slak-verkeer. In Akkra is meer as 4,5 miljoen mense en bestee ons baie sit-sit tyd in 'n mouter. My oog vang die blink weerkaatsing van 'n ou wat langs my stop, maar sy wieldoppe met kaktus-steeksels spin nog verwoed voort. Sy elmboog hang so laag uit die venster, ek reken hy kan sy elmboog afskuur om 'n draai.

Hy's in 'n 10 jaar oue taxi, die drywer langs my streel liefderyk oor die blou woloortreksel van sy stuurwiel. Hy het moerasgras onder sy vooruit geplak, spoedstrepe op die sypaneeldeure, 'n blomding sonder blare op die lugdraad en 'n vensterplakker op die agteruit belowe: "Llewe na die dood".

'n Opgesoepte Corolla in Wes-Afrika kompeteer met enige BMW in Lenasia! Spoed en robot-tot-robot gejaery is nie hierdie petrolkoppe se ding nie, maar hulle kan kersvashou by enige Indiër-taxi of Benoni-boertjie se mouterdekorasie. Hulle kry hulle giggels deur wip-wip in te druk, skoor te soek en lanie 4x4 manne te irriteer met hulle rem-aksie wanneer hulle voor hulle indruk. Blink chroomknoppe op die rathefboom, rooi kunsleertossels flikvlooi voor die windfiltreerder en wys hulle status. Bont plakkers en kerklike seëninge is beslis die gewildste dekorasies op ou skraap- en stampmerke.

Taxi ry is goedkoop, so beskikbaar soos sonlig, en vreesaanjaend as jy nie die ding oopkop benader nie. Voordat ek my lewensdraadjie oorlewer aan 'n taxibestuurder hierlangs, is daar 'n paar praktiese goete wat ek oorweeg. Alle taxi's hetv volgens wet, kanariegeel geverfde hoekpanele. Hulle sluip stadig op en af in die strate, en toet-toet vir potensiële passasiers. Om 'n taxi te stop, verbeel jou jy tik 'n kind op die kop, handpalm na onder, so heuphoogte. As die taxi se remme skree, of die ding eers gestop kry 10-meter verder as waar jy staan, neem die volgende ene!

Voordat jy inklouter, loer gou binne-in of die sitplekke nie vervang is met houtbankies nie en of jy nie deur die vloerpanele sien nie. Onderhandel met 'n stywe lip oor die prys, en as jy nie van die man se houding hou of sy Engels verstaan nie, of vermoed hy het weke laas gestort, sê eenvoudig jy het van plan verander. Hulle buffelagtigheid en minagtende proes deur tuitlippe skrik my lankal nie meer nie. 'n Volgende taxi sal gou genoeg verbykom.

As jy eers sit, groet die drywer en vind iets in die mouter om hom oor te komplimenteer. Of hy dit nou verdien of nie, daai mouter is sy hele lewe en die inkomste van 'n huis vol honger bêkkies. Al sweer hy dat hy weet waarheen jy wil gaan, hou maar Googlekaart oop op jou slimfoontjie en stel voor watter kant toe hy moet afdraai. Sodra die taxidrywer sien jy ken van watter rigting jy in wil gaan, sal hy nie probeer om weer oor die prys te onderhandel nie. Ek weier dat hy enige ander passasiers padlangs optel, en sluit self my eie deure langs my. As jy op pad lus vir 'n koue bottel water, lugtyd of eetgoed wil koop van die straatsmouse, vra vir taxidrywer om vir jou te koop, dan kry jy dit goedkoper.

Die meeste tax drywers is baie nuuskierig oor onse "obruni's" (beskrywende naam vir witmense in Ghana). Hulle het respek vir familie, ander se huwelike en mense met kinders. So vertel ek in 'n geoefende drie sinne hoe lekker ons hier woon en hoe erg ons na Namibië terugverlang en hoe hard my kinners op universiteit swot.

Dan vra ek of hy kinders het en hoe lank hy al taxi ry, en voor ek my oë uitvee is ek by my bestemming. Moenie uitklim voor jy jou kleingeld in die hand het nie, hy ry dalk net weg en "vergeet van jou kleingeld". Ek groet altyd met "hoop jy kry baie besigheid vandag . . . "

In die begin dae het ek in 'n taxi sonder sleutel beland waar die ou eers bloudraad onder die stuurwiel moes 'hotwire' om mee te ry. Ek was 'n in tonnelbrug toe die een taxi 'n spogmotor stamp en almal uitspring en gelyk aan die skree gaan. 'n Mede passasier het my 'n lewendige hoender aangegee "om vas te hou" en ene het selfs 'n dag later my selfoon teruggebring wat op die sitplek uitgeval het.

Met die regte benadering kan daar waarheid steek in die vensterplakker: "Lewe na die dood", of 'n lewe ná jou eerste taxirit.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



'Magtag, Martiens! Kon jy nie maar iewers stilgehou en die pad gevra het nie?"

KLAAR OOR DIE MERK

'n Eggenoot het elke aand hoog in die takke by die huis aangekom en hom vasgeloop in sy baie ontstoke vrou.

Op 'n dag het 'n vriendin van haar voorgestel: "Miskien suip hy so omdat hy by die huis ongelukkig is. Probeer iets anders, dalk werk dit."

Die volgende keer toe dit gebeur het sy vrou hom in 'n ontblotende nagrok ingewag, hom hartstogtelik gesoen en hom 'n drankie aangebied.

Hy het gaan sit en die drankie met 'n salige uitdrukking op sy gesig weggeslaan en hom sy vrou se omhelsing laat welgeval.

'n Rukkie later het hy op sy horlosie gekyk en opgespring.

"Goeie hemel!" het hy uitgeroep, "kyk hoe laat is dit! Ek moet nou huis kry! Ek is seker al in genoeg moeilikheid!"

STADIGE DIENS

Die man het vis en tjips bestel – iets waarvoor die restaurant beroemd is.

Ná 15 minute was hy bietjie ontevrede en kla by die kelner.

"Jammer oor die vertraging, Meneer. Jou kos sal binne 'n paar minute gereed wees."

Nog 'n kwartier later kom vra die kelner weer om verskoning dat hy steeds vir sy kos wag.

"Askies dat ek vra," sê die kliënt, "maar watse aas gebruik julle?"

BMW EN KEWER

Die BMW en die Volkswagen Kewer staan langs mekaar in die parkeerterrein.

"Hoekom sit jou oë buite jou kop en nie binne-in soos myne nie?" vra die BMW.

Die Kewer sê:

"Kom ons druk jou engin in jou stert op, dan kyk ons hoe lyk jy!!!"

KOEBAAI!

"Totsiens, skat," sê die vrou en gee haar man 'n klapsoen. "Ons gaan winkel toe."

"Wie's 'ons'?" vra hy.

"Ek en jou beursie."

Hy dink die son skyn by sy alie uit, maar dis net die duiwel met 'n flitslig.

Die lewe is nie 'n feeverhaal nie.
As jy jou skoen om middernag verloor, is jy dronk.

BC deur Parker en Hart

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

Ouma se pille

Die dokter wat die ou tante van 80 jaar haar lewe lank versorg het, het uiteindelik afgetree.

Met haar eerste besoek aan die nuwe dokter moes sy 'n lys maak van al die middels wat haar lewe lank aan haar voorgeskryf was. Terwyl hy die lys deurlees, sien hy tot sy verbasing daar is ook 'n voorskrif vir geboortebeperkingspille.

"Mev. Venter, besef jy hierdie pille is teen SWANGERSKAP?"

"Ja," sê die tante. "Hulle help my om snags te slaap."

"Mevrou, ek kan jou verseker daar is GEEN bestanddeel in hierdie pil wat jou help om te slaap nie!"

Die tante het vorentoe geleun, die dokter op sy knie geklop en gesê:
"Ja, Skat, ek weet. Maar ek maak elke oggend een fyn, meng dit met lemoensap vir my kleindogter se ontbyt. Jy kan my maar glo: Dit doen wondere vir 'n rustige nagrus."

Oumas weet altyd die beste!

Die goeie, slegte en lelike

1. Goed: Jou vrou is swanger.
   Sleg: Dis 'n drieling.
   Lelik: Jy het vyf jaar gelede 'n vasektomie gehad.
2. Goed: Jou vrou praat nie met jou nie.
   Sleg: Sy wil skei.
   Lelik: Sy is 'n prokureur.
3. Goed: Jou jongste seun raak uiteindelik volwasse.
   Sleg: Hy is betrokke by jou buurvrou.
   Lelik: Jy ook.
4. Goed: Jy en jou vrou besluit: geen meer kinders nie.
   Sleg: Jou vrou kry nie haar Pille opgespoor nie.
   Lelik: Jou 13-jarige dogtertjie het hulle geleen.
5. Goed: Jou oudste seun verstaan modes.
   Sleg: Hy's 'n fopdosser.
   Lelik: Hy lyk beter as jou vrou.
6. Goed: Jy vertel jou 10-jarige dogtertjie van die voëltjies en die bytjies.
   Sleg: Sy val jou voortdurend in die rede.
   Lelik: Met korreksies.
7. Goed: Jou seun gaan met iemand nuut uit.
   Sleg: Dis 'n ander man.
   Lelik: Hy's jou beste vriend.
8. Goed: Jou 15-jarige dogter het 'n nuwe werk.
   Sleg: As 'n gesellin.
   Lelik: Jou kollegas is haar beste klante.
   Baie lelik: Sy maak meer geld as jy.

KOERANTOPSKRIFTE

Nog 'n legendariese kop. Toe Michael Foot, leier van die Britse Arbeidersparty, in 1986 aangewys is as voorsitter van 'n komitee wat oor kernontwapening moes beraadslaag, het The Times hierdie juweel uit die hoed geruk: "Foot heads arms body"

Wraak met oorgawe

Almal weet die wraaklustige djin in haar lampie gaan vrygelaat word as jy ’n vrou verkeerd opvryf, skryf ERLA DIEDERICHS

Daar is nie verniet ’n idioom spesifiek vir dié onderwerp wat in woordeboeke opgeneem is nie: *Hell hath no fury like a woman scorned*.

Ek dink vroue is so goed met wreek en so skerp met hul tong omdat hulle nie fisiek sterk is en iemand kan takel nie. ’n Vrou is oorgelaat aan haar tong en haar gedagtes. Gedagtes wat oor en oor kan wentel soos ’n waansinnige wasmasjien wat op net een siklus ingestel is: Die wreek-siklus.

Wat vroue se wraak so gevaarlik maak, is dat hulle dit met toegewydheid en oorgawe aanpak. Dis nie genoeg om hom doodeenvoudig te los nie. O, nee. Sy raak kreatief.

Neushare word aan die brand gesteek. Haarverwyderingsmiddel word in sjampoebottels gegooi. Motors word verwoes met rooi naellak en ’n skerp spyker. Bakstene word deur vensters gegooi.

Wat my bring by ’n interessante feit oor vroue wat jy as man dalk nie geweet het nie. Vroue kan akkuraat op klein en vreemde voorwerpe piepie.
As jy ’n vrou is, kry jy baie oefening hierin. Dit begin als as jy vermoed jy is swanger en ’n swangerskaptoets moet doen. Jy word vertel om op ’n klein stokkie van sowat 1 cm breed te urineer.

Jy kan natuurlik ook in ’n glasie jou ding doen en dan die stokkie daarin druk. Ek het egter nog altyd paniekbevange na winkelsentrums toe gestorm om die toets te gaan koop en het dit dan sommer net daar en dan in die sentrumtoilette gedoen.

Daar is geen glas nie en jy moet maar die stokkie so onderlangs hou. En so piepie jy jou vingers papnat – en vind terselfdertyd uit jy gaan ’n ma word. Dis uiters simbolies.

As jy wel swanger is, dan het jou loopbaan van piepie-in-vreemde-voorwerpe maar so pas begin. Tydens swangerskap moet jy gereeld in bottels urineer om jou hormoonvlakke te toets. Sulke klein plastiekhouertjies. Jy mik en druk en laat gaan daai straaltjie. En hoe groter jou maag raak, hoe moeiliker word dit. Maar ná die swangerskap en die baba gaan die lewe aan.

En eendag vertel jou man vir jou dat hy al sewe jaar lank ’n verhouding het met ’n ander vrou.

So breek die dag aan dat jy – baie trane en traumatiese rusies later – uit jou huis stap met jou koffers in jou hand.

En dis dan wanneer jy twee dinge onthou: Sy fobie oor urine en hoe erg hy daarvoor gril, en die feit dat jy weet hoe om op klein voorwerpe te piepie.

Soos tandeborsels.

Met erkenning aan die skrywer, 'n redaksielid van Netwerk24.

JAPAN MAAK 'N PLAN MET SY TOILETTE

Japan se toiletbase het 'n plan gemaak om die verwarring onder toeriste wat 'n draai loop uit te skakel.
Nuwe riglyne bepaal dat vervaardigers dieselfde agt pikttogramme sal gebruik om aan te dui watter knoppie spoel, watter een 'n straal op jou onderstel rig en waar om te druk as jy die deksel wil laat sak.

Tokio verwag miljoene besoekers wanneer hy die Olimpiese Spele in 2020 aanbied.
Japan se hoogs-tegnologiese toilette bied aan die besoeker alles – warm sitplekke, bidet-funksies, verskillende straalsterktes en kragtige lugverfrissers.
Maar omdat daar nie eenvormige aanwysings is nie, het baie besoekers al 'n pyn in die agterent opgedoen.

VLIEËNIERS SE KLAGSTATE

Daar word van vlieëniers verwag om ná elke vlug 'n verslag in te dien. Dit staan informeel onder hulle bekend as 'n klaagstaat. Die doel is om enige probleem onder werktuigkundiges se aandag te bring sodat hulle dan die probleme kan oplos en die vlieëniers gaan dit dan na voor die volgende vlug.

Alhoewel dit n baie ernstige en belangrike prosedure is, sien sommige ingeneurs ook die komiese sy raak in hul antwoorde.

Vl. Linker binnewiel moet amper vervang word.
Ing. Amper linker binnewiel vervang.

Vl. Toetsvlug in orde behalwe outomatiese landings baie rof.
Ing. Geen outomatiese landingmeganisme is in die vliegtuig geïnstalleer nie.

Vl. Iets los in stuurkajuit.
Ing. Iets vasgemaak in stuurkajuit.

Vl. Dooie goggas op windskerm.
Ing. Lewendige goggas op bestelling geplaas.

Vl. Daar is tekens van lekkasie aan regter landingsmeganisme.
Ing. Tekens is verwyder.

VL. DME volume ongelooflik hard.
Ing. DME volume aangepas na meer geloofbare vlak.

Vl. Wrywingskoppelaar veroorsaak dat hefboomversneller vashaak.
Ing. Dit is wat wrywingskoppelaars veronderstel is om te doen.

Vl. IFF buite werking in af posisie.
Ing. IFF altyd buite werking in af posisie

Vl. Vermoed daar is ’n kraak in windskerm.
Ing. Vermoed jy is reg.

Vl. Vliegtuig tree snaaks op.
Ing. Vliegtuig gewaarsku om hom self reg te ruk, reguit te vlieg en ernstig te wees.

Vl. Muis in stuurkajuit.
Ing. Kat losgelaat in kajuit.

Vl. Snaakse geluid kom uit instrumentepaneel. Klink soos dwergie wat met ’n hamer timmer.
Ing. Hamer weggeneem van dwergie.

'Blou Engel' eis man se lewe in woonwahuis

In Gainsville, Florida, het 'n 37-jarige man gesterf nadat hy 'n wind in hul woonwahuis brand gesteek het om sy vrou te vermaak.

Die man se vrou is nakend in die egpaar se voortuin aangetref, glo steeds aan die lag. Die man het "blou engele" brand gemaak – dis wanneer jy 'n aansteker by die plek hou waar jou poep ontsnap. Volgens die vrou het hulle ekstra geld gehad en hul taco's op 'n ander plek gaan koop.

"Die poepe wat jy daarvan kry, is genoeg om 'n gaskamer te vul. Ek weet hy kyk uit die hel op my af en sê dit was alles die moeite werd," het sy gesê.
'n Taco is 'n tradisionele Meksikaanse brooddis met 'n groot verskeidenheid vullings.

Die vrou sê sy gaan die eetplek vervolg omdat hulle rissies gebruik het wat baie meer metaan in 'n wind sit.

NASKRIF: Kammanuus het 'n vuil vermoede hierdie storie is nie die volle, onverdunde en heilige waarheid nie.

Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se eerste vanne ontvang:

Boshoff

epos: boshoffchris@icloud.com

My oupagrootjie was getroud met Elsie Sophia Storm in Umtata. Hy was Willem Hendrik (Jacobus) Boshoff die derde naam Jacobus is selde gebruik, Hy is gedoop in Alexandria 1847 en sterf in Umtata 29.12.1900.

Sal enige inligting waardeer.

Koekemoer

epos: pienaarannette@gmail.com

Wie was die ouers en grootouers van Gert Jacobus Koekemoer getroud met Magrietha Lombaard, beide vroeg in die 1800's gebore. Hulle seun was ook 'n Gert Jacobus wat vermoedelik 8 kinders gehad het, nl Maria,Johannes, Martiens, Pieter Willem, Sarel, Cornelius Josephus Janse van Rensburg Koekemoer (my oupa, gebore 1890, Winburg distrik en oorlede 1925 Vryburg distrik), Bellie, Grieta.

Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.

Slim vang toe sy baas

'N MOTORIS is onwetend deur 'n spoedkamera betrap, en het later 'n foto van sy motor en 'n kaartjie vir 40 dollar ontvang.

Pleks van te betaal, stuur hy toe vir die verkeerspolisie 'n foto van twee 20 dollar note. 'n Paar dae later het nog 'n brief hom bereik - een met 'n foto van 'n paar boeie.

Hy het toe dadelik die 40 dollar gepos.

Nie vir Mike nie

Mike klim op sy huis se dak met n budjie in sy hand. Hy spring af en val hom amper disnis. Die mense kom verskrik aangehardloop en vra wat gebeur het. Mike: "Hierdie budjie-jumping werk glad nie vir my nie."

Goudvissie

Ek het 'n goudvissie gehad wat op die mat kon break dance. Maar net 20 sekondes lank. En ook net een keer

HOU JOU SKOTTELGOEDWASSER SKOON

DAN HOU DIT LANGER

LEKKER BLOND

Die blondine kuier op die plaas, en sit sit aan vir ontbyt.

"Ek kan nie verstaan hoekom die melk so waterig waterig lyk nie," sê die boervrou.

"Seker maar omdat die koeie heelnag in die reën gestaan het," antwoord die blondine.

ONS MAL WÊRELD

IN BAHREIN mag 'n manlike dokter 'n vrou se geslagsdele inspekteer, maar hy mag nie direk daarna kyk nie - slegs na 'n refleksie daarvan in 'n spieël.

(Lyk dit omgekeerd dan anders?)

Chinese spreekwoord:
"Man met voet in mond se asem stink heeldag."

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Die Rally maak jou nederig, dit raak jou hart. Dit gaan oor 'n dag in jou lewe wat jou met ander oë na die wêreld laat kyk.

Deur ILZA ROGGEBAND

Die vroue het hom die eerste gewaar in die loom namiddag toe die arbeid klaar was . . . Ons sit in die wit Audi A1, Sarel van der Westhuizen en ek. Op sy skoot lê die wit bundel met die instruksies. Voor die tyd het 'n paar mense vir my gesê Sarel hou van gesels.

Waldemar Schultz het gesê hy onthou hom van 'n tienertoneelkompetisie. Toks van der Linde sê Sarel hou van musiek. Een van die organiseerders vertel hoe baie Sarel lees. Ons sal baie hê om oor te praat, Sarel en ek.

Hier sit ons, span nommer 14, en wag vir die wegspring. Dit was vanjaar die tiende keer wat die Pioneer Rally gehou is. Daar is 39 bekendes wat elk 'n Audi by Audi Somerset-Wes kry en dan die roete van Somerset-Wes moet volg. Dit is deur die legendariese Sarel van der Merwe beplan en die eindpunt is die Golden Valley Casino in Worcester. Jou navigator is 'n gesiggestremde wat die aanwysings in Braille lees en jou met haar of sy vingers op die blaaie tot in Worcester lei.

"Ek hou baie van digkuns," sê Sarel terwyl ek kyk hoe ek die blitsige Audi moet aanskakel. "NP van Wyk Louw is my gunstelingdigter."

"Ek het *Raka* op hoërskool gedoen," sê ek.

"Die vroue het hom die eerste gewaar
in die loom namiddag toe die arbeid klaar was," sê Sarel.

Ons trek weg. Dis die derde keer wat ek gevra is om deel van die Rally te wees, maar my hande is steeds bewerig. Ons ry op die N2 in Somerset-Wes van die een verkeerslig na die volgende. Ons draai regs na Gordonsbaai, deur Kleinmond en Bettysbaai.

"Die see is nou regs van ons," sê ek vir Sarel. Hy is op 25 weke gebore en het as gevolg van mediese komplikasies sy sig verloor. Hy kan net lig en donker onderskei. Die radio in die Audi is op Smile FM.

"Jis," roep Sarel skielik hard uit, so hard dat ek ruk van die skrik. Daar is egter nie fout nie, dis die musiek wat hom so opgewonde maak. "Dis 'n lekker plaat," sê hy. Net 'n noot of drie en Sarel weet wat die liedjie is en wie die kunstenaar is.

Ons gesels land en sand. Oor boeke en skryf, musiek en toneel. Hy vertel dat hy die vorige aand van pure opwinding nie kon slaap nie en Marita van der Vyver se *Die Avonture van Hanna Hoekom* klaar gelees het.

Ek volg sy instrukies. Hier is 'n stopstraat, daar moet jy 'n sekere spoed ry. Ons ry verby die ingang na Arabella, draai links Grabouw se kant toe.

Hy vra uit oor skryfwerk. Vertel weer van sy gedigte, hoe hy soms nie kan ophou as hy eers begin het nie. Van die artikels wat hy vir die skoolkoerant skryf.

Sarel is in matriek en volgende jaar gaan hy bemarking in Worcester studeer. Hy speel kitaar en hy mis nie *Skrywers en Boeke*, *Vers en Klank* of enige van die radiodrama's op RSG nie.

♦ ♦ ♦ ♦

Hoe hard ek ook al probeer, Sarel kan my nie op my naam noem nie. Ek is juffrou en basta. Hy verduidelik aan my hoe hy sy selfoon gebruik. Van die toepassing (sy woord, ek sal dit sommer 'n app noem) wat hy afgelaai het en hoe hy sy foon as 'n Braille-sleutelbord kan gebruik. Hy kan Google, Facebook, boodskappe stuur – enige ding wat 'n siende mens kan doen.

Ons draai regs van die N2 na Grabouw, ry later deur Villiersdorp. Dis so mooi, wil ek sê, maar weet nie of ek kan nie. Hoe verduidelik jy aan iemand wat net lig en donker kan sien hoe groen die wingerde is, hoe mooi die velde is waar daar onlangs geoes is?

By die derde kontrolepunt vind ons uit ons is agt minute agter. Ek jaag. Sarel jil van plesier. By die vierde kontrolepunt is ons drie minute agter. Ek jaag verder. By die eindpunt sê hy: "Juffrou het hom lekker getrap, nè?" en skater van die lag.

Die middag by die hotel by die Golden Valley Casino is waar daar net Rally gepraat word. Die navigators is huis toe en die jaers, want dit is eintlik al wat ons is, wil elkeen hul storie vertel. Van hul navigators, wat die vinnigste is wat hulle gery het, wat hulle dink hulle kans is om te wen.

Die akteur Marcel van Heerden sê hy wil asseblief tog net 'n foto saam met Sarel van der Merwe hê. So het ons almal ons helde.

♦ ♦ ♦ ♦

Die deftige funksie die aand is by Goudini Spa. Die tafels is almal deur besighede van Worcester en omstreke geborg. Ek en Sarel sit by een van die tafels wat Absa geborg het.

Daar is vermaak, 'n veiling en Sarel van der Merwe kondig die spanne se posisies aan. Ek en my Sarel kom 25ste. Nie so goed soos ek gehoop het nie, maar ten minste beter as 'n paar ander. Die wenners is die sanger Kevin Leo en sy navigator, Elna Dürr. In die tweede plek is verlede jaar se wenners, die ekonoom Dawie Roodt en sy navigator Hein Wagner. Daar is net een sekonde verskil tussen die eerste en die tweede plek.

Sarel raak aan my arm. Hy het 'n boekie waarin hy handtekeninge bymekaar maak. Hy noem wie se handtekeninge hy wil hê, een daarvan die akteur Deon Lotz, wat vanjaar die eerste keer deelgeneem het.

Later kom sit Deon by ons tafel. Hy en Sarel gesels land en sand. Sarel kan stukke dialoog opsê van radiodramas waarin Deon gespeel het.

In die kar vroeër die dag het Sarel my vertel hoe graag hy op 'n Vrydagmiddag saam met sy pa in hul motorhuis in Kempton Park kuier. Sy pa, 'n skrynwerker, sal houtwerk doen, hulle sal gesels en musiek luister. Eendag, het Sarel vir my gesê, wil hy nog 'n radiodrama skryf oor hierdie spesiale tyd tussen hom en sy pa.

"Vertel vir Deon van die radiodrama wat jy wil skryf," sê ek.

Sarel vertel. Deon luister. En toe sê Sarel: "Die ander dag het ek en my pa gery en toe sê hy hy is trots op my". En hy begin huil. Deon trek hom teen sy bors vas en hou hom vas, troos hom met 'n hand teen sy rug.

Deon het trane in sy oë, ek het trane in my oë, die hele tafel het trane in hul oë. As ek ooit gaan terugdink aan die Pioneer Rally van 2016, sal ek nie dink aan die 160 km/h wat ek gejaag het of die kuier of die min slaap en die baie lag nie, ek sal daardie oomblik onthou. Daardie oomblik toe Deon Lotz vir Sarel van der Westhuizen teen sy bors vasgedruk het.

♦ ♦ ♦ ♦

Jy kan onmoontlik dieselfde mens wees ná 'n Pioneer Rally. Daar is 'n rede hoekom mense soos Margit Meyer-Rödenbeck, Toks van der Linde, Richard van der Westhuizen en Danie Niehaus dit jaar na jaar ja sê; hoekom Ivan Zimmermann op sy laaste fietstog van China tot in Turkye iewers langs die pad in die vreemde vir Annelette Kemp, die formidabele organiseerder, 'n e-pos gestuur het om te laat weet hy is November terug in die land en hy wil weer ry.

Hoekom Helen Zille hierdie jaar ingestem het om die eerste keer deel te neem. Hoekom Kurt Darren, Sandra Prinsloo en Nadia Valvekens 'n Saterdagaand sal opoffer om daar te wees.

Die Rally maak jou nederig, dit raak jou hart. Dit gaan nie eintlik oor wen of verloor nie, dit gaan oor 'n dag in jou lewe wat jou met ander oë na die wêreld laat kyk.

In 2014, die eerste jaar wat ek gery het, was Hein Wagner een van die gassprekers. In sy toespraak het hy gesê: "If you change the way you look at things, the things you look at change."

Sarel het, soos my navigators Karin in 2014 en Ernie in 2015, my weer met ander oë laat kyk. En Sarel, as jy dalk hier lees: Ons wag vir die radiodrama.

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:
www.onsdorp.com/ekstra.html